:—: Koers :—:
TWEEMAANDELIKSE TYDSKRIF

Jaargang XXV. JUNIE 1958. Nr. 6

# ONS NUWE WÊRELD *

Mnr. die Kanselier, Mnr. die Rektor, hoog-geleerde lede van die Raad, Seer-geleerde lede van die Senaat, Hoog-en-Seergeleerde dames en here graduandi, dames en here,

Ek wil vanmôre probeer om — aan 'n sterk versoeking die roof te bied. By 'n geleentheid soos hierdie ondervind die spreker, reeds gevorderd in jare, 'n haas onweerstaanbare drang om aan die jeugdige geleerdes, op die drumpel van hul onderskeie loopbane, 'n sedepreek te lewer. Of ek sal slaag om hierdie versoeking te weerstaan, sal u weldra self kan beoordeel.

Die tema wat ek vir ons gesprek vandag gekies het is: Ons Nuwe Wêreld. Die kort beskikbare tydjie wil ons wy aan die wêreld wat u, dames en here graduandi, tegemoet gaan, sê maar in teenstelling met die wêreld wat aan die begin van hierdie eeu bestaan het. Eintlik is dit mateloos vermetel om so 'n wydse en wydvertakte onderwerp in 'n tydbestek van dertig minute te behandel. Nogtans mag die blote orientasie en rangskikking van ons gedagtes daaromtrent sy nut hê. Kom ons maak 'n poging.

Omdat die natuurwetenskap en die tegniek nou werklik 'n stadium bereik het waar dit vir 'n klein groepie mense moontlik geword het om

* (Akademiese rede gehou op die Gradedag van die P.U. vir C.H.O., 19 April 1958, deur dr. T. E. W. Schumann).

deur middel van kern-wapens die hele menslike ras te vernietig, styg die noodkreet oral op dat die mens se etiese, morele en godsdienstige ontwikkeling nie met sy intellektuele groei en sy tegniese vaardigheid tred gehou het nie en dat die mensdom op selfmoord afstuur. Trouens, ons eeu word allerweë juis deur hierdie skrille teenstelling gekenskets: die diensbaarmaking van oorstelpende natuurkragte aan sy wil — en daarteenoor die mens se onmag teenoor sy eie drifte en drange, sy onmag om homself te beheer.

Is hierdie teenstelling tussen fisiese mag en morele onmag nou inderdaad die mees markante kenmerk van ons tydsgewrig?

Moet ons hierdie uitspraak as aksioma aanvaar, en daarby berus? Miskien is hierdie stelling volkome reg, maar ons wil dit nie so goedsmoeds aanvaar sonder nadere ontleding nie.

Om nie heel aan die begin in 'n doolhof van newelagtige spekulasie of van troostelose en steriele geweeklaag oor die boosheid van die mensehart te verval nie is dit, myns insiens, nodig om enkele waarhede omtrent die aard van menslike kennis te boekstaaf. By gebrek aan 'n gepaste omvattende uitdrukking, sluit ons onder die woord **kennis** in nie alleen wat die mens weet omtrent dinge en gebeurtenisse nie, maar alle aktiwiteite van sy gees, sy skeppingsdrang, sy etiese en estetiese waardebepaling, sy godsdienssin — kortom, elke vorm van geesteservaring. En met hierdie inklusiewe definisie, wys ons daarop dat menslike kennis in minstens twee groot klasse verdeel kan word — wat ons kumulatiewe en nie-kumulatiewe kennis wil noem. Ter verduideliking die volgende verbeeldingsvlug.

Veronderstel dat Rembrandt en Leonardo da Vinci vandag na die aarde sou terugkeer, sal hulle iets wesenliks by ons huidige kunsskilders kan leer? Sal die skepper van die Taj Mahal moet skoolgaan by ons moderne argitekte of Michel Angelo by ons beeldhouers? Hoeveel baat sal Bach of Beethoven vind by 'n kursus oor die ontwikkeling van musiek gedurende die afgelope eeu of twee? Sal die skrywers van die boek Job, van die Ilias, Hamlet of Faust eers al die opgegaarde kennis van die eeue aangaande letterkunde moet bestudeer voordat hulle die skrywers van ons tyd kan ewenaar? Sou Plato en Kant in 'n moderne filosofiese kongres heeltemal ontuis voel?

U sien onmiddellik na watter antwoord hierdie retoriese vrae ons lei, en dis baie duidelik dat ons hier voorbeelde aangehaal het van nie-kumulatiewe kennis. Inderdaad sal selfs die mees vermetele letterkundige van ons tyd nie die moed hê om aan die digter van Psalms

23 en 103, aan Dante, Shakespeare of Goethe onderrig in die skryfkuns te gee nie!

Maar beskou nou die kontrasterende beeld wat die natuurwetenskap bied. Indien Archimedes of Aristoteles of 'n ander wetenskaplike uit die Klasieke tydperk na die aarde sou terugkeer, sal hy nie eens kan saamgesels met 'n seun van tien of twaalf wat besig is om sy eie radio-toestel te bou nie. Selfs die grootste wetenskaplike genie van alle tye, Newton, sal nie sonder langdurige en intensiewe studie kan deelneem aan besprekings sê maar oor kwantum-meganika of atoomsplitsing nie. Om self verdere bydraes tot ons kennis te maak, sal hy hom eers moet meester maak van baie dinge wat na sy dood ontdek is.

Natuurwetenskaplike kennis is dus onmiskenbaar van kumulatiewe aard.

Hierdie beknopte uiteensetting lei ons dus daartoe om menslike kennis, steeds in die omvattende betekenis van die woord, in minstens twee kategorieë te klassifiseer. Die natuurwetenskap en sy tegniese toepassing, moontlik ook met insluiting van sekere geesteswetenskappe, soos sosiologie, ekonomie, taalkunde, ens., kan in die breë as kumulatiewe kennis bestempel word. Geld dit egter die skone kunste, die letterkunde, die etiek, die godsdiens, die filosofie, mag ons wel van nie-kumulatiewe kennis praat.

Ongetwyfeld is hierdie breë klassifikasie aanvegbaar. So bv. laat ons hier buite rekening die groot vraagstukke van die fisiese en metafisiese wêreld, waarmee die menslike siel deur al eeue heen geworstel het: die oneindigheid van ruimte en tyd, die wonder van die lewe en sy voortplanting, die vraagstukke van goed en kwaad, van mooi en lelik, die oorsprong van alle dinge en die sin van die bestaan. Weliswaar word hierdie vraagstukke deur die pragmatiese wysbegeerte as futiel en onsinnig bestempel, asook deur die dialektiese materialisme van die kommunis wat sy mondstuk vind in Macbeth, waar hy sê:—

Tomorrow and tomorrow and tomorrow,
Creeps in this petty pace from day to day,
To the last syllable of recorded time;
And all our yesterdays have lighted fools
The way to dusty death. Out, out, brief candle:
Life's but a walking shadow, a poor player
That struts and frets his hour upon the stage,

And then is heard no more: it is a tale
Told by an idiot, full of sound and fury,
Signifying nothing.

Wat deur die een dus as die mees wesentlike van die menslike bestaan, die essensiële deel van sy sielelewe, van sy hele wese, beskou word, word deur die ander as blote hersenskimme en gejaag na wind beskou. Derhalwe sal ook die klassifikasie wat ons so ewe probeer maak het, van die staanspoor aan kritiek onderhewig wees. Ten spyte van sodanige kritiek, mag ons tog die indeling as allesins redelik beskou, en vir die huidige wil ons dit sonder meer aanvaar.

Natuurwetenskaplike kennis het eers gedurende die afgelope paar eeue tot volle bloei gekom. Ofskoon die versamelde kennis uit vorige eeue geensins veronagsaam mag word nie, bly dit 'n feit dat die georganiseerde versameling en verspreiding van kennis met die Renaisance begin het. Vir baie eeue het Aristoteles se omvangryke geskrifte oor natuurverskynsels die gees van die Wes-Europeaan in boeie vasgehou, dog met sy beroemde eksperiment met twee vallende klippe het Galileo eindelik hierdie boeie verbreek. Nie deur filosofiese bespiegelings en logiese redenasies nie, maar uit die natuur self moet de wette van die natuur geleer word — dis wat hy aan die wêreld verkondig en bewys het. Kort na Galileo het Newton met sy reuseintellek op die toneel verskyn en met hom het die fantastiese opbloei van die natuurwetenskap eers reg begin en nooit sindsdien tot stilstand gekom nie. Aanvanklik het die navorsers uit enkelinge, hoofsaaklik by universiteite, bestaan, en dis eers in die twintigste eeu dat daar ten volle besef is dat die natuurwetenskap ook deur georganiseerde gesamentlike navorsing bevorder kan word. Groot institute vir navorsing het tot stand gekom, fabrikante het hulle eie navorsingsinrigtings gestig en met steeds versnellende tempo word daar daagliks toegevoeg tot die reeds bestaande skatte van kennis. Die huidige Geofisiese Jaar, waarin 63 lande van die wêreld deelneem, is by uitstek 'n voorbeeld van koöperatiewe navorsing, op voorheen ongekende skaal.

Miskien moet hierdie internasionale samewerking vir die bevordering van ons kennis omtrent die aarde, die gemeenskaplike tuiste van alle nasies, beskou word as een van die weinige ligpunte in ons vreesbevange, verwarde en verdwaasde wêreld.

Die kenmerkendste eienskap van kumulatiewe kennis is dat dit deur 'n elk en 'n ieder onvoorwaardelik aanvaar word. Niemand sal

'n oor leen aan die wysgeer wat beweer dat 'n voorwerp met 'n gewig van vyftig ton nie in die lug kan bly nie. Selfs hy wat hoegenaamd geen benul het van die magdom van wetenskaplike kennis wat in 'n moderne vliegtuig in toepassing gebring is, aanvaar die vliegtuig as 'n gerieflike vervoermiddel, en hy maak daarvan gebruik net soos hy van die telefoon, die radio en die bioskoop gebruik maak. Selfs die satelliete wat nou om die aarde wentel, word deur almal as onomstootbare werklikheid aanvaar.

En juis hier tree die opvallendste teenstelling tussen die twee klasse van menslike kennis op die voorgrond. In die nie-kumulatiewe rubriek van kennis is daar baie weinig wat klakkeloos deur die hele mensdom aanvaar word. Geen enkele sisteem van filosofiese denke, geen godsdienstige geloofsbelydenis, geen etiese kode word algemeen aanvaar nie. Eenstemmigheid oor wat mooi en lelik is, oor goed en kwaad, selfs oor waarheid en onwaarheid — daarvan is geen sprake nie. Bowendien is daar ook geen metode gevind om deur gesamentlike inspanning en arbeid nie-kumulatiewe kennis te vermeerder nie. Klaarblyklik kan 'n groot skildery, 'n opera, 'n groot drama, gedig of roman nie deur die koöperatiewe arbeid van 'n groep mense geskep word nie. Op hierdie terreine bly dit nog steeds die begenadigde enkeling wat bo die platvloerse uitstyg en iets van blywende aard kan bydra.

Verset teen hierdie onverbiddelike gebondenheid is orals in die kunswêreld merkbaar. So bv. gebruik die kunsskilder van ons tyd alle middels om die bande van sy eie beperktheid te verbreek. Vermoedelik met 'n mate van onbewuste wrewel teenoor die wetenskaplike navorser, wat triomf op triomf kan boekstaaf, probeer die skilder ook om soos sy wetenskaplike kollega te eksperimenteer, en daar ontstaan skole van kunsuiting: impressionisme, ekspressionisme, kubisme, futurisme en so meer. In hierdie koorsagtige soektog na nuwe middels en metodes word ook die primitiewe kuns van die Boesman bygehaal en verheerlik, en op duisende doeke sien mens tekens van daardie pueriliteit wat die Nederlandse wysgeer Huizinga as een van die kenmerkendste eienskappe van ons tyd bestempel. In sekere kunskringe word 'n skilder wat waag om 'n kat of hond te skilder wat respektiewelik na 'n kat of hond lyk, na die buitenste duisternis verban.

Bes moontlik is hierdie naarstige soektog na nuwe middels, hierdie eksperimenteerdery in alle rigtings, aan te prys; maar die natuurwetenskap geniet nog die voorsprong dat daar vir hom objektiewe toetse

bestaan en tussen die waardevolle en waardelose te onderskei. Eers nadat 'n nuwe wetenskaplike teorie of eksperiment die strengste toetse deurstaan het, sal enige tydskrif van aansien die resultate aanneem en deur publikasie wêreldkundig maak. Van al die duisende proewe van die navorser hoor die wêreld daarbuite niks nie.

By gebrek aan vaste norme op kunsgebied is objektiewe toetsing nie moontlik nie, en op die mure van kunsgalerye verskyn die skrynendste mislukkings, en dikwels word sulke pogings aangeprys al na gelang van die heersende mode. Gelukkig verander die kunsmode redelik snel; die onsigtelike verdwyn wel met verloop van tyd, en steeds word die waarheid weer bevestig dat die middels of media wat hy gebruik geen derderangse skilder tot 'n kunstenaar van die eerste rang kan verhef nie. Dit geld ook die beeldhouer en alle ander kunstenaars.

In die wêreld van musiek is die wilde eksperimentasie nie altyd so onskadelik nie. Die tegnikus het nl. middels geskep waardeur geluid gebottel kan word. Terwyl die vreedsame en ordeliewende burger van die land eenvoudig sy rug na 'n gedrogtelike skildery of beeldhouwerk kan draai, kan hy nie altyd so maklik aan klank ontvlug nie. Hoe dikwels gebeur dit nie deesdae dat hy doodonskuldig by 'n koffiehuis instap om iets te nuttig, en nouliks het hy sy bestelling geplaas, of 'n sadistiese mede-kliënt staan op en stop 'n muntstuk in die kake van 'n diaboliese foltermasjien wat 'n aaneenskakeling van onaardse geluide soos van verlore siele te voorskyn bring. En so gekondisioneer is ons reeds dat hierdie marteling selfs nie die mildste woord van protes aan een van die daar vergaderdes ontlok nie!

Dieselfde verskynsel openbaar hom in die letterkunde. Die onuitspreeklike banaliteit van die ingevoerde strokies-verhale wat tans byna elke tydskrif en dagblad ontsier, vind blykbaar 'n mate van weerklank in die werk van ernstige kunstenaars. Ter illustrasie haal ek 'n paar voorbeelde uit Periandros van Korinte aan:—

„My kind, loop jou gevoelens met jou op hol,
'n Kind moet nooit met die verhouding van sy ouers lol".
„In later tye sal hul sê die wêreld is 'n lang epos
van goud en mense wat begin veral met Periandros".

Indien hierdie en 'n reeks dergelike onbeholpenhede deur die digter slegs as kunsgreep aangewend word, moet ek nogtans beken dat dit vir my as 'n baie kinderagtige kunsgreep voorkom.

Maar genoeg, al die abnormaliteite op kunsgebied is vermoedelik

slegs simptome van die mens se begryplike verset teen die strenge grense van sy eie geestelike vermoëns. Ons wou alleenlik 'n beeld skilder van die byna eksplosiewe groei van kumulatiewe kennis in teenstelling met die pynlik langsame vordering waar dit nie-kumulatiewe kennis geld. Dis 'n waarheid wat gegeld het lank voordat kernwapens ontdek is; alleen het hierdie ontdekking elke denkende mens gedwing om die vraag te stel: „waarheen lei ons pad nou ".

Met die rugbaarwording van Hiroshima se vernietiging het 'n siddering van skrik en verbystering deur die hele mensdom gevaar, en nou het dit oorgegaan tot 'n toestand van bestendige vrees. Totdat die waarheid deur almal aksiomaties aanvaar word dat ons aarde die gemeenskaplike woonplek van alle volke is en dat dit nie deur die mens se toedoen onherstelbaar geskend mag word nie, sal vreesbevangenheid die oorheersende kenmerk van ons nuwe wêreld wees.

Ek gaan nie probeer aandui wat die uitweg uit hierdie dilemma is nie, want my doel is alleen om die aard en wese aan te dui van die gedaanteverwisseling wat ons wêreld in die afgelope sestig jaar ondergaan het. Trouens, in die oorblywende tyd sal dit moontlik wees om nog net 'n paar van die opvallendste veranderings kortliks aan te stip. Ons begin met die rewolusie wat deur die mediese wetenskap veroorsaak is.

**Die Mediese Wetenskap.**

Baie gevreesde en dodelike siektes soos blindederm- en longontsteking, witseerkeel, pokkies ens. is tans betreklik onskuldig. Met behulp van fotografie, doeltreffende narkose en ontsmettingstegniek voer die chirurg operasies uit wat in die vorige eeu as wonderwerke sou beskou geword het. Kindersterfte het aansienlik lik gedaal en die gemiddelde lewensverwagting aanmerklik gestyg. Mense word ouer vandag, en deurdat die verhouding van volwassenes tot kinders groter is as voorheen, het die algemene lewenspatroon 'n radikale verandering ondergaan. Tehuise vir oues van dae het orals verskyn en neem steeds in getal toe.Meer as ooit tevore word daar voorsiening gemaak vir blindes, dowes, gebreklikes, geestelik gekrenktes, en hospitale word op groot skaal gebou.

Die persentasie van die bevolking wat in inrigtings, gestigte, hospitale en oue-tehuise verkeer, het geweldig gestyg en die las op die werkende deel van die bevolking word steeds groter, veral as daar in gedagte gehou word dat kinderarbeid heel tereg deur wetgewing uitgeskakel is. Dit beteken 'n algehele rewolusie in vergelyking met toe-

stande in 'n primitiewe gemeenskap, waar die groter sterfte onder belemmerdes na liggaam of gees 'n sekere ewewig bewaar.

**Vervoermiddels.**

Sonder vinnige verkeer kan 'n groot stad met miljoene inwoners nie bestaan nie. Die ontstaan van reusestede met al die gepaardgaande sosiologiese probleme, o.a. die vereensaming van die mens wat aan die grootstad eie is, is dus 'n uitvloeisel van die volmaking van trein en motor.

Ek wonder watter afstand die mense in hierdie saal gemiddeld per jaar reis? Of die syfer per persoon nou tweeduisend of vyfduisend myl is, in elk geval is ek oortuig dat dit veel meer is as wat ons grootouers gemiddeld in 'n leeftyd afgelê het. Vinnige en gerieflike vervoermiddels vergroot die afstand tussen die arbeider se woonplek en sy werkplek. Indien die motor verdwyn, sal die markwaarde in die buitewyke van Potchefstroom (of enige ander stad) in duie stort, die oppervlakte van die stad sal krimp.

Die vinnige en oormatige verkeer kweek 'n rusteloosheid van gees. Daar word van plek na plek gejaag ook wanneer daar geen noodsaaklikheid bestaan nie. Ontvlugting word in spoed en ewigdurende beweging gesoek.

Die goud aan die voet van die reënboog wil die moderne mens met sy motor bemeester.

'n Uitvloeisel van die wilde verkeer en nog meer van die menigvuldige reise na nêrens is 'n jaarlikse dodelys 2,000 op ons paaie, en tienduisende beseerdes en verminktes. 'n Groot korps snydokters is bestendig besig om geskonde liggame te probeer herstel, soos na 'n bloedige veldslag.

'n Ander behartenswaardige verskynsel wat deur die motorvoertuig teweeggebring word, is dat die boerebevolking met sy eerstydse lewenswyse gewis en seker aan't verdwyne is. Deur verbeterde boerdery-metodes kan 'n klein gedeelte van bevolking in die voedsel- en kledingbehoeftes van almal voorsien die stad groei ten koste van die platteland. Ontvolking van die platteland is 'n wêreldwye verskynsel. Miskien nog belangriker is die feit dat die boer baie geredelik die naaste dorp of stad kan bereik. Hy word al hoe meer dorpenaar of stedeling, waarskynlik met verlies van die spreekwoordelike bestendigheid en konserwatisme van die boerestand.

Maar nog groter omwentelings is deur vinnige verkeersmiddels veroorsaak. Tot sowat vierhonderd jaar gelede het die volke van die

wêreld op vastelande en eilande vir duisende jare afgesonderd van mekaar geleef en ontwikkel. Met die koms van skepe wat die wêreld kon omseil, het die volke wat voorheen selfs nie van mekaar se bestaan bewus was nie, met mekaar in kontak en ook in botsing gekom. Dis egter eers in hierdie eeu dat deur die vinnige en omvangryke verkeer die rassevraagstuk in baie lande so prominent op die voorgrond getree het, en een van die neteligste probleme geword het waarvoor ons eeu te staan gekom het.

**Wêreldwye Verspreiding van Kumulatiewe Kennis.**

Nou verwant aan die rassewrywing is die kennis wat uit die Weste oor die wêreld versprei is. Met meerdere kennis en tegniese bedrewenheid het die Westerling 'n paar honderd jaar lank onbetwiste heerskappy oor die wêreld gevoer. Japan was die eerste Oosterse volk wat planmatig duisende van sy knapste jong mense na die universiteite van Europa en Amerika gestuur het om Westerse kennis te bemagtig. Die uitkoms van hierdie beleid was dat Japan in 'n ongelooflike kort tydjie 'n nywerheidsland op Westerse patroon geword het, sy bevolking verdubbel en een van die grootmoondhede van die wêreld geword het. Die gevolg van die kennis wat die Ooste uit die Weste geput het was 'n radikale verandering in magsverhoudings. Die magsverskuiwings wat sedert die eerste wêreldoorlog plaasgevind het, is aan u welbekend. Die opperheerskappy van die volke van Europese oorsprong is iets van die verlede, en in die nuwe wêreld moet die Westerling tevrede wees met 'n baie meer beskeie plek. Om ewewig op staatkundige gebied in 'n veranderde wêreld te vind, is 'n taak wat vir die blanke ras en ook vir ons in Suid-Afrika voorlê.

**Meganisasie en Materiële Welvaart.**

Met behulp van 'n trekker en 'n viervoor-ploeg kan 'n enkele persoon 'n groter lap aarde omploeg as wat honderd man met grawe kan omspit. Deur die masjien is die werk- en produksievermoë van die mens tot byna in die oneindige verhoog. Grootskeepse outomatisasie word nou in vooruitsig gestel en sommige beweer dat dit feitlik 'n tweede industriële rewolusie gaan meebring. Op meganisasie het gevolg vermeerderde welvaart en verhoging van die lewenspeil; en verdere styging deur outomatisasie word in die vooruitsig gestel.

Een van die goedkoopste lewensmiddels, suiker, was honderd jaar gelede nog min of meer 'n weelde-artikel. Daar is egter dosyne ander artikels wat tans in 'n middelslag huishouding as onontbeerlik beskou

word, maar wat voorheen slegs deur die allerrykstes bekostig kon word of glad nie bestaan het nie; dink maar aan speserye, ingemaakte kossoorte, vloeiende warm en koue water, die yskas, stofsuier, motor, radio, ens.

Ons onthou nog 'n dertig, veertig jaar gelede hoe bekommerd Suid-Afrika oor die vraagstuk van die arm-blankes was. Met industrialisasie het hierdie vraagstuk feitlik verdwyn. Ook in ons land het die masjien materiële welvaart meegebring. Ten spyte van die voorheen vermelde feit dat die werkende deel van die bevolking 'n groot persentasie onproduktiewe medeburgers moet onderhou, is die produksievermoë van die enkeling sodanig verhoog dat die werksweek bestendig korter word en die werker oor meer vrye tyd beskik.

En hier duik weer ander probleme op. Deur die ongeëwenaarde vermeerdering van weelde en van vrye tyd, wat hy nog nie geleer het om voordelig te bestee nie, ontwikkel die mens allerlei neurotiese kwale, wat ook 'n kenmerk van ons tyd geword het. Die psigiater het 'n permanente deel van die samelewing geword. Aan die een kant dus 'n onvergelyklike hoër lewenspeil, aan die ander kant onvergenoegdheid en geestelike dekadensie, die tweelingbroer van oormatige weelde.

In die verlede was die stryd om die blote bestaan so dringend dat die versameling van rykdom, die strewe na 'n kommerlose bestaan, miskien allesoorheersend was. Selfs in ons taalgebruik kom dit te voorskyn. Op die vraag, „Wat is hy werd?" volg byna outomaties 'n antwoord soos, „Ek reken minstens vyftig duisend pond". Die uitdrukking „Hy het baie geld gemaak". In ons eeu, waar die stryd om die bestaan baie minder intens geword het, en waar elkeen van u, dames en here graduandi, normaalweg na 'n redelik-beskaafde bestaan kan uitsien, is dit nie moontlik dat ons 'n ander betekenis aan bovermelde uitdrukkings gaan heg nie?

**Buitensporige Verwagtings en Bittere Ontgogeling.**

Die heil van die mens sou geleë wees in sy kennis en beheersing van die natuur; voorheen ongekende geluk en welvaart sou sy deel wees — met hierdie rooskleurige verwagtings is die twintigste eeu deur baie begroet.

Die ontnugtering was bitter, want die skrynende kontras tussen die hoë verwagtings en die werklikheid is sonder weerga. Nie alleen is die tydperk tussen 1914 en vandag die bloedigste in die menslike geskiedenis nie, maar in die hoog-beskaafde Europa is gruweldade op so 'n skaal gepleeg dat dit die barbaarse skrikbewind van Tjaka laat

verbleek. Honger en marteling van honderdduisende in konsentrasie- en sg. arbeidskampe, die sataniese gaskamers van Belsen, die koelbloedige massamoord van Poolse offisiere in die woud van Katyn, die vernietiging van die stad Dresden sonder dringende oorlogsnoodsaak— dis slegs enkele van die afgryslikhede wat die wêreld moes aanskou. Die onlangse bloedbad in Hongarye is 'n teken van die vrugtelose verset teen die meedoënlose dwingelandy waaronder 'n groot deel van Europa nou nog gebukkend gaan.

Die rooskleurige drome oor 'n goue twintigste eeu het in die gal en edik van vertwyfeling verander. Teen hierdie skokke moes daar egter reaksie intree, maar die reaksie is byna ewe verbysterend as die gruweldade self. Europa is aangegryp deur wat ek by 'n ander geleentheid in die woorde van Ibsen beskryf het as „'n akute aanval van regskapenheidskoors". Maar let wel, nie die skuld-belaaide Europa nie — die bose wêreld daarbuite moet hervorm word. Die weedom wat Europa oorval het, word nie gesoek in die veronagsaming van die bergpredikasie nie — dit moet elders gevind word. Iewers is daar 'n fout gemaak — en die fout is dat daar verskillende rasse op aarde bestaan. Rasseverskil — dis die wortel van die kwaad, dit moet uitgewis word, en daarmee sal die ellende van oorlog vir ewig van die aardbodem verban wees! Vermenging van die rasse — daarin lê die heil van die mensdom. En nou word daar met dweepsieke hervormingswoede hierdie nuwe leerstelling wyd en syd verkondig.

Die dweper is hy wat met alle geweld aan God wil gee, wat die keiser toekom.

Aan rasgenote buite Europa word die eis gestel dat hulle alle gevoel van eiewaarde en rassetrots moet offer op die altaar van die nuutontdekte afgod van gelykmaking. Hierdie nuwe leer is slegs 'n enkele voorbeeld van geestelike ontreddering en verdwasing — naweë van die ontgogeling van die twintigste eeu.

Ten spyte van diepe weemoed oor die barbaarsheid wat Europa aan die wêreld vertoon het, skyn die Afrikaner nogtans trots te wees op sy herkoms en koester hy nog die erfenis wat sy vryheidliewende en vrome voorsate aan hom nagelaat het. Hy weier nog om sy identiteit op die altaar van vreemde gode te offer en met groot ootmoed tas hy na middele en weë om dit wat hy waardevol ag, te behou en te bewaar. Om daardie weg te vind, is een van die groot vraagstukke waarvoor hierdie eeu Suid-Afrika geplaas het.

Mnr. die Kanselier en vriende,

Ek het op uiters beknopte wyse net enkele kenmerke van ons nuwe wêreld aangeraak, oor elkeen waarvan daar al baie boeke en geleerde verhandelings verskyn het. Baie dinge het ek selfs nie kon noem nie, en dis met 'n mate van onvoldaanheid dat ek moet sluit. Graag sou ek sien dat een van ons universiteite 'n kursus aanbied in „kontemporêre geskiedenis", of wat mens dit ook wil noem. By ons sal so'n kursus noodwendig meer spesifiek moet handel oor die ontwikkelings wat tans op die Vasteland van Afrika plaasvind, en die probleme wat dit ook aan ons jong geslag stel.

Die taak van 'n Universiteit, Mnr. die Kanselier, is om aan jong manne en vroue daardie wapenrusting, verstandelik en geestelik, te verskaf wat nodig is om, ook in ons verwarde eeu, hul ewewig te behou. Uit persoonlike ervaring kan ek getuig dat die Universiteit van Potchefstroom reeds baie voortreflike manne en vroue gelewer het wat 'n aanwins vir enige land of gemeenskap sou wees.

En as ek nou heel op die end, tog voor die aanvangs-vermelde versoeking moet swig, is my versoek aan u, dames en here graduandi, net dit: Aanvaar die groot voordele en geleenthede van hierdie eeu en ook sy uitdagings, maar mag u jeugdige ambisie nie in die rigting gaan om „'n sukses van die lewe" te maak nie, in die negentiende-eeuse betekenis van die woord. Laat dit asseblief oor aan diegene met kleiner ambisie.